Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Inbelsentrum
Direktoraat: Werwing en Keuring
0861 819 919

Lêerno.: 3/2/3/3
Verwysing: 20220824-5777

Omsendbrief: 0036/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Lede van Beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om belanghebbendes in kennis te stel dat die aanstelling van ongekwalifiseerde opvoeders in stryd is met voorskrifte en nie langer goedgekeur sal word nie.*

Onderwerp: Aanstelling van ongekwalifiseerde opvoeders

1. Hierdie omsendbrief het betrekking op alle opvoedkundige inrigtings binne die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD).

2. Raadpleeg asseblief Werwing-en-keuringsminuut 0003 van 2019, gedateer 29 Mei 2019, met die titel, *Hersiene kontrakaanstellingsproses vir inrigtingsgebaseerde opvoeders.* Hierdie minuut maak onder meer voorsiening vir die aanstelling van afgetrede en buitelandse opvoeders op 'n kontrakbasis, onderhewig aan die nakoming van sekere voorwaardes.

3. Om in die opvoedkundige sektor as opvoeder aangestel te word, is dit verpligtend dat 'n opvoeder ingevolge Hoofstuk B: B.3.2.1.1 van die Personeeladministrasiemaatreëls ten tyde van die aanstelling:
   (a) oor 'n professionele kwalifikasie beskik; en
   (b) by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is.

4. In ooreenstemming met die WKOD se visie van gehalteonderwys vir elke kind, in elke klaskamer, in elke skool in ons provinsie, word alle belanghebbendes hiermee in kennis gestel dat hulle hul moet weerhou van die praktyk om ongekwalifiseerde opvoeders aan te stel.

5. Alle belanghebbendes word derhalwe geadviseer dat versoeke/aansoeke vir die aanstelling van ongekwalifiseerde opvoeders wat **vanaf 01 Oktober 2022** ontvang is, nie goedgekeur sal word nie. Indien opvoedkundige inrigtings sou voortgaan om **ná hierdie datum** van die dienste van 'n ongekwalifiseerde opvoeder gebruik te maak, sal die voorgeskrewe bestuursprosesse vir hierdie gevolge ingestel word.

6. Die enigste vergunning wat toegestaan word, is die aanstelling van ondergekwalifiseerde opvoeders (opvoeders in hul finale studiejaar), wat onderhewig is daaraan dat die opvoeder alle uitstaande modules vir die verwerwing van die professionele onderwyskwalifikasie voltooi, met die doel om vir permanente indiensneming in aanmerking te kom.

7. Ongekwalifiseerde opvoeders moet aangemoedig word om hul studies voort te sit, met die oog op die verwerwing van 'n professionele onderwyskwalifikasie wat vir indiensneming in die opvoedkundige sektor erken word.

8. Belanghebbendes moet voorts verseker dat die permanente aanstelling van geskik gekwalifiseerde posvlak 1-opvoeders via die werwings- en keuringsproses of omskakelingsproses plaasvind.

9. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet as 'n saak van dringendheid onder die aandag van alle WKOD-werknemers en belanghebbendes gebring word.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-09-22